1.1.2	A	<del>B</del>	C	D
1.1.3	A	B	C	<del>D</del>
1.1.4	A	B	<del>C</del>	D
1.1.5	A	B	C	<del>D</del>
1.1.6	<del>A</del>	B	C	D
1.1.7	A	B	C	<del>D</del>
1.1.8	A	B	<del>C</del>	D
1.1.9	A	<del>B</del>	C	D
1.1.10	A	B	<del>C</del>	D
1.1.11	A	B	<del>C</del>	D
1.1.12	A	<del>B</del>	C	D
1.1.13	A	B	<del>C</del>	D
1.1.14	A	<del>B</del>	C	D
1.1.15	A	<del>B</del>	C	D
1.1.16	A	<del>B</del>	C	D
1.1.17	A	B	C	<del>D</del>
1.1.18	A	B	C	<del>D</del>
1.1.19	A	B	<del>C</del>	D
1.1.20	A	B	<del>C</del>	D

20 X 3 = 60

## 1.2 WAAR OF ONWAAR

NOMMER	WAAR	ONWAAR	REGSTELLING
1.2.1	X		√√
1.2.2	X		√√ OF
1.2.2		x	√ Solvabiliteit √
1.2.3		X	√√ Werkmeting √
1.2.4		X	√√ Bonus √
1.2.5		X	√√ Brandkasklousule √
1.2.6		X	√√ Faktoring / Diskontering √
1.2.7	X		√√
1.2.8	X		√√

20 PUNTE

## 1.3 SKRYF DIE ONTBREKENDE WOORD(e) NEER.

1.3.1	Sakekamers / Kamers van Koophandel / Besigheidskamer
1.3.2	Koördinerig / Top Bestuur / Hoofbestuur / Direksie / Algemene Bestuur
1.3.3	Lewensiklus / lewensduur / leeftydperk
1.3.4	Spesialiteits
1.3.5	Matriks / Projek

10 PUNTE

1.4 DATA REAKSIE:  
SKRYF DIE LETTER IN DIE TOEPASLIKKE BLOK NEER.

1.4.1	D	
1.4.2	B	
1.4.3	E	
1.4.4	A	D

10 PUNTE

 100 PUNTE

**AFDELING B****RIGLYNE VIR MERK:**

- Neem kennis van die sub-maksimum aangetoon wanneer punte toegeken word. Veral wanneer kandidate nie van dieselfde subhofies gebruik maak nie. Onthou dat opskrifte en subhofies bydra tot insig (struktuur / logiese vloei / opeenvolging) en dui 'n logiese denke aan. (Sien INDELING aan einde van elke vraag.)
- Ken TWEE punte toe vir volsinne.  
Ken EEN punt toe vir frases, onvolledige sinne en vae (onduidelike) antwoorde.
- Die komponente vir insig word aangetoon aan die einde van elke voorgestelde antwoord vir elke vraag. Die komponente wissel vir elke vraag.
- As die kandidaat die vraag verkeerd identifiseer / interpreteer, kan hy / sy nog steeds insigpunte verdien.
- Let veral op die herhaling van feite.
- Merk al die relevante feite totdat die maksimum punte in elke onderafdeling bereik is. Skryf die woord maks. indien die maksimum punte bereik is.
- Dui insig aan deur 'n merk "^" aan die linkerkant van die vraag te maak.
- Aan die einde van elke langvraag dui die feitelike en insig punte soos volg aan:

```
.....  
34  
+ 2  
+ 2  
+ 0  
+ 3  
.....  
41
```



**VRAAG 2            ONDERNEMINGSVORME**

IDENTIFISEER AS 'N BESLOTE KORPORASIE √√

**MAX 2****INLEIDING**

Paslike inleiding tot die onderwerp – verwys na ondernemingsvorme.

**MAX 4****BESPREKING****EIENSKAPPE VAN 'N BESLOTE KORPORASIE**

- Ten minste 1 en 'n maksimum van 10 mede-eienaars (lede). √√
- Die BK word gesamentlik deur al die lede bestuur.
- Die lede moet 'n Stigtingsverklaring (CK1) voltooi en onderteken.
- Die vorm moet by die Registrateur van Beslote Korporasies geregistreer word.
- Lede het beperkte aanspreeklikheid vir die skuld van die BK.
- Die naam moet geregistreer word volgens die Wet op Beslote Korporasies.
- Die naam moet eindig met BK.
- 'n BK het regs persoonlikheid.
- Dit is verantwoordelik vir betaling van inkomstebelasting.
- Elke lid het 'n persentasie belang in die onderneming.
- As 'n lid sy belang in die BK wil verkoop moet hy die toestemming van al die ander lede verkry.
- Die wins word volgens die lede se persentasie belang verdeel.
- Die BK het onbeperkte voortbestaan.
- Geen maatskappy of ander BK mag 'n belang in 'n BK hê nie.
- Nie verpligtend om finansiële state to oudit nie.
- Al die finansiële state (tot by Balansstaat) moet binne 9 maande na die einde van die finansiële jaar voltooi word.
- 'n Rekeningkundige beampte moet die finansiële state opstel

**MAX 10**

## AANBEVELINGS

### VOORDELE

- Die lede het beperkte aanspreeklikheid vir skuld van die BK. √√
- Die wins word volgens elke lid se persentasiebelang verdeel.
- Dit is maklik om die inhoud van die stigtingsverklaring te verander.
- Dit is redelik maklik om 'n BK te stig.
- 'n BK het onbeperkte voortbestaan.
- Meer kapitaal is beskikbaar as by eenmansaak omdat tot 10 lede kan bydra.
- Al die lede is betrokke in die bestuur van die BK – meer effektiewe bestuur / eie belang.
- Besparings in ouditkoste omdat state nie geaudit hoef te word nie.
- 'n Algemene jaarvergadering is nie 'n vereiste nie.
- 'n Buigsame eenheid – geen formele ooreenkomste of spesiale resolusies in besluitnemingsproses nie.
- Het 'n eie regs persoon en kan daarom dagvaar of gedagvaar word.

**MAX 10**

### NADELE

- Ledetal beperk tot 10 lede – beperk kapitaalbydrae. √√
- Lede dra nie net kontant by nie.
- Effektiewe bestuur is moeilik want dit word nie deur wetgewing beheer nie.
- Afhanklik van wedersydse vertrouwe tussen lede.
- 'n Lid moet toestemming van ander lede verkry voordat hulle hul aandeel kan verkoop.
- Elke lid verteenwoordig die BK en bind die BK met hul transaksies.
- 'n BK moet eers in 'n maatskappy verander word voordat dit aan 'n maatskappy verkoop kan word.
- Onder sekere omstandighede word lede persoonlik verantwoordelik vir die skuld van die BK.

**MAX 8**

**STIGTINGSPROSEDURE**

Die lede moet 'n Stigtingsverklaring (CK1) voltooi en onderteken. ✓  
Dit moet by die Registrateur van Beslote Korporasies geregistreer word ✓  
**(AS NIE TOEGEKEN ONDER EIENSKAPPE)**

- **Inhoud van 'n Stigtingsverklaring**

- Naam van die onderneming ✓✓
- Adres van geregistreerde kantoor
- Name en ID nommers van lede
- Gegewens van bydrae van lede
- Gegewens van elke lid se bydrae, uitgedruk as 'n persentasie
- Datum van die finansiële jaar
- Naam en adres van rekeningkundige beampte
- Werksverhouding tussen lede
- Doel van die onderneming

- As die Registrateur tevrede is met die Stigtingsverklaring, sal hy 'n Sertifikaat van Inlywing asook 'n registrasienommer aan die BK toeken. ✓✓

**MAX 10****SAMEVATTING**

Kandidaat se mening / aanbeveling oor enige ander toepaslike feit  
oor onderwerp.

**MAX 2**

<b>FEITLIK</b>	<b>40</b>
<b>INSIG</b>	<b>10</b>
<b>TOTAAL</b>	<b>50</b>

**INSIG****Struktuur / Uitleg:**

\* insluitend inleiding, bespreking en samevatting 2

**Ontleding en Interpretasie:**

\* vermoë van kandidaat om vraag op te breek en begrip te toon vir wat gevra is 2

**Sintese:**

\* toepaslike afdelings in vraag ingesluit; voordeel van BK teenoor ander vorme bv. registrasie-dokumente 4

**Oorspronklikheid:**

\* Kandidaat se aanbeveling en redevoering. 2  
10

**INDELING VAN VRAAG**

Identifikasie	max 2 punte
Inleiding	max 4 punte
Aard / eienskappe	max 10 punte
Aanbeveling:	
* voordele	max 10 punte
* nadele	max 8 punte
Stigting	max 10 punte
Samevatting	max 2 punte
<b>MAKSIMUM</b>	<b>40 punte</b>

**VRAAG 3 FINANSIËLE FUNKSIE****KREDIETBELEID****INLEIDING**

Enige toepaslike kommentaar oor opstel.

**MAX 4****BESPREKING****MOONTLIKE REDES VIR SWAK PRESTASIE**

# Nadele van kontanhandel:

- Minder klante √√
- Laer verkope
- Minder inkomste – kleiner wins
- Gevaar van diefstal / rooftogte
- Enige ander toepaslike antwoord

**Alle nie- finansiële redes moet as siteses beskou word bv. Mededinging, kwaliteit van produkte nie op standaard nie.**

**MAX 4****ALTERNATIEF =Krediethandel √√**

# Definisie van krediethandel: Die verkoop van goedere /dienste waarvoor in die toekoms betaal word. √√

**MAX 4**

**Voordele** van krediethandel:

- Shoe City het meer klante as 'n kontanhandelaar. √√
- Shoe City is geregtig om meer te vra vir hul goedere – vergoed vir risiko.
- Shoe City wen die goeie gesindheid en lojaliteit van klante.
- As klante goedere dringend nodig het, kan hulle dit nou koop en later betaal.

**MAX 6**

# Kredietvorme:

- Leweransierskrediet: √ Krediet wat aan Shoe City toegestaan word deur 'n verskaffer sonder sekuriteit. √
- Krediet op ope rekening: Koper word 'n kredietperk toegestaan en moet rekening maandeliks afbetaal soos ooreengekom.

- Afbetalingsverkoopsooreenkoms: die koper betaal 'n vaste persentasie van die verkoopprijs as deposito en die verskil met rente in gelyke maandelike paaieimente.
- Kredietkaarte: 'n Ooreenkoms tussen 'n persoon en sy bank. Mag goedere koop tot 'n sekere limiet. Die bank verplaas die bedrag na die verskaffer en die debiteur moet die bank betaal.
- Berêkoop (lay-buys): Die koper sit 'n deposito neer en betaal die produk af en ontvang dan na volle betaling eers die produk.
- Besigheids-kredietkaarte: bv. Shoe City Kredietkaarte.

**MAX 6****ADMINISTRASIE / IMPLIMENTERING**

## # Toestaan van krediet:

- Krediet moet so toegestaan word, dat die onderneming nie te veel toestaan nie. ✓✓
- Te veel krediet sal nie die likiditeit van die onderneming bevoordeel nie.
- Faktore wat kredietvoorwaardes kan beïnvloed:
  - Aard van die onderneming ✓✓
  - Duursaamheid van die goedere
  - Lengte van produksieproses
  - Finansiële posisie van onderneming
  - Mededinging
  - Ekonomiese toestand in die land
  - Rentekoerse bepaal deur SARB
  - Normale handelspraktyke
  - Kredietwaardigheid van debiteure

**MAX 6**

## # Invordering van agterstallige krediet:

- Kontak die debiteur telefonies. ✓✓
- Stuur 'n brief aan die klant.
- Plak 'n aanmaningsplakker op die rekening.
- As geen reaksie – stuur brief en dreig met regsstappe.
- Nogsteeds geen reaksie – oorhandig aan prokureur vir invordering.
- Prokureur stuur brief aan klant met instruksie om op sekere tyd te betaal.
- Geen reaksie op brief – hofbevel om sekere bates te verkoop om vir skuld te betaal.

**MAX 8****BEHEER**

## # Effektiewe kredietbeheer kan:

- Shoe City se verkope verhoog ✓✓
- Shoe City se oninbare skulde binne aanvaarbare vlakke hou
- lojaliteit van klante opbou
- Shoe City se wins vergroot

# Pligte van die kredietafdeling:

- Moet vertrouwd wees met kredietbeleid. √√
- Oorweging van voornemende debiteure.
- Stel kredietperk vas vir elke debiteur.
- Hou kontrole oor elke debiteur se rekening.
- Stuur gereeld rekeningstate uit.
- Neem stappe teen agterstallige debiteure.
- Stel regstappe in indien nodig.
- Monitor tendense in die kredietmark.

MAX 8

## # Bronne om kredietwaardigheid te bepaal:

- Sakeverwysing: √ Ondernemings waar debiteur reeds 'n rekening het of gehad het. √
- Bankverwysing: Inligting wat die bank verskaf d.m.v 'n statusrapport.
- Kredietagentskappe: Versamel inligting oor debiteure en maak dit beskikbaar aan ondernemings.
- Sakekamers: Hou 'n swartlys van swak betalers en maak dit beskikbaar aan lede.
- Werkgewers: Verskaf inligting oor inkomste en betroubaarheid van werknemer.
- Kredietaansoekvorm: Moet alle tersaaklike inligting oor voornemende debiteur verskaf.
- Onderhoud: Volg aansoekvorm op om verdere inligting te verkry.

MAX 8

**SAMEVATTING**

Kandidaat se mening / aanbeveling oor enige ander toepaslike feit insake die onderwerp

MAX 2

FEITLIK	40
INSIG	10
TOTAAL	50

**INSIG****Struktuur / Uitleg**

\* insluitend inleiding, bespreking en samevatting

2

**Ontleding / interpretasie / opeenvolging:**

\* vermoë van kandidaat om vraag op te breek en begrip te toon vir wat gevra is

2

**Sintesis:**

\* toepaslike afdelings in antwoord ingesluit bv.

**NADELE VAN KREDIET**

- Shoe City benodig meer bedryfskapitaal as 'n kontanhandelaar. ✓✓
- Die risiko van oninbare skulde is altyd teenwoordig.
- Administratiewekoste is baie meer.
- Klante koop meer as wat hulle kan bekostig.

Of

**VOORDELE VAN KREDIETKAARTE**

OF

**ENIGE ANDER RELEVANTE INFORMASIE**

4

**Huidige tendense:**

\* Krediet tendense; Reaksie van die SARB; vlakke van krediet; statistiek; inligting rakende Shoe City.

2  
10**INDELING VAN VRAAG**

<b>Inleiding</b>	<b>max 4 punte</b>
<b>Moontlike redes vir swak prestasie</b>	<b>max 4 punte</b>
<b>Alternatief: KREDIETHANDEL</b>	
* krediethandel- def.	max 4 punte
* belangrikheid / voordele	max 6 punte
* kredietvorme	max 6 punte
<b>Administrasie / implimentering:</b>	
* voorwaardes vir toestaan van krediet	max 6 punte
* invordering van skuld	max 8 punte
<b>Beheer:</b>	
* belangrikheid van beheer	max 4 punte
* pligte - kredietafdeling	max 8 punte
* bronne - kredietwaardig	max 8 punte
<b>Samevatting</b>	<b>max 2 punte</b>
<b>MAKSIMUM</b>	<b>40 PUNTE</b>



**VRAAG 4**            **BEMARKINGSFUNKSIE****INLEIDING**

- 'n Advertensieveldtog kan beskryf word as die ontwerp en plasing van 'n advertensie in een of meer medium sodat 'n blywende indruk op die verbruiker gemaak word.
- 'n Verkoopspromosie program moet voor die wêreldbeker beplan word om te verseker dat die geadverteerde goedere beskikbaar sal wees wanneer dit benodig word.
- 'n Suksesvolle advertensieveldtog begin met 'n gesonde bemarkingsprogram.
- 'n Weldeurdagte veldtog sal 'n gebalanseerde benadering tot reklame insluit.

**MAX 4****BESPREKING****BEPLANNING VAN DIE VELDTOG**

Die volgende stappe moet gevolg word:

**# Marknavorsing** ✓

- Intensiewe studie van potensiële kopers, hul gewoontes, kulture en koopkrag. ✓✓
- Opname van die mededingers in die mark.
- Wetgewing wat handel beïnvloed.

**# Doelwitte van die veldtog moet uitgestippel word** ✓

- Sodat konsultante hul beplanning daarvolgens kan doen. ✓✓
- Moet duidelik uitgestippel word – nie net om “verkope te verhoog” nie.

**# Begroting vir veldtog** ✓

- 'n Veldtog kan net beplan word as daar fondse beskikbaar is.
- Konsultante sal daarvolgens beplan.

**# Keuse van advertensiemedia** ✓

- Is gewoonlik die taak van die konsultant. ✓✓
- Volgende faktore moet in aanmerking geneem word:
  - ~ Die tarief, gebaseer op die koste per 1 000 lesers of luisteraars. ✓✓
  - ~ Beschikbaarheid van spasie en kyktyd.
  - ~ Sal die medium kopers bereik?
  - ~ Aard en inhoud van boodskap; is die medium die mees geskikste om verbruikers te bereik

**# Ontwerp en bewoording** ✓

- Die vereistes van 'n goeie advertensie  
Trek aandag; ✓ Wek belangstelling; ✓ Skep 'n behoefte om produk te besit; ✓ Ly tot aksie ✓
- Klant glo dat hy meer belangrik gaan voel; ✓ gelukkiger gaan wees; ✓ meer gemaklik gaan wees; ✓ en meer voorspoedig ✓ gaan wees as die produk gebruik word.

**# Koördinerings** ✓

- Daar moet koördinerings wees tussen die loods en verskaffing van die produk. ✓✓
- As klante begin navraag doen, moet die goedere verskaf word.

**MAKS. 32****# Toets om te sien of veldtog suksesvol was** ✓

- Metodes wat gebruik word om inligting te verkry:
  - ~ Naam en adres van onderneming mag verskillend geskryf of verskyn. ✓✓
  - ~ Reaksie op advertensies – kan aan verskillende afdelings gerig word.
  - ~ Koepons kan gedruk word wat uitgesny moet word en ingevul moet word.
  - ~ Vra die klant om die naam van die koerant / tydskrif te noem.
  - ~ Straatadres van onderneming in een advertensie en posadres in 'n ander.
- Hoeveelheid kredietkaarte uitgereik.

**MAKS. 10****KANDIDAAT SE MENING OOR VOORGESTELDE PROJEK**

- bv.
- Tydberekening van veldtog ✓✓
  - Tydsduur van veldtog
  - Lewensvatbaarheid en winsgewindheid van veldtog
  - Toepaslikheid van veldtog
  - Enige ander toepaslike kommentaar
  - Kandidaat se mening of enige ander toepaslike feit insake die onderwerp

**MAKS. 6**

FEITLIK	40
INSIG	10
TOTAAL	50

**INSIG****Struktuur / uitleg:**\* insluitend inleiding, bespreking en samevatting 2**Ontleding en interpretasie:**\* vermoë van kandidaat om vraag op te breek en begrip te toon vir wat gevra is 2**Sintesis:**

\* Bespreking van bv.

- Sensuur – opgedateerde inligting
- ASA en sy funksies
- Vergelykende reklame / toelaatbaarheid
- Toekennings
- Etiek
- Enige ander toepaslike inligting
- Meting van resultate

6  
10

**INDELING VAN VRAAG**

<b>Inleiding</b>	<b>max 4 punte</b>
<b>Beplanning van veldtog:</b>	
* marknavorsing	
* doelstellings van veldtog	
* begroting	
* keuse van media	
* ontwerp en bewoording	
* ko-ordinasie	<b>Max 32 punte</b>
* toets die sukses	<b>max 10 punte</b>
<b>Kandidaat se mening / samevatting</b>	<b>max 6 punte</b>
<b>MAKSIMUM</b>	<b>40 PUNTE</b>

**VRAAG 5                    FUNKSIE VAN ALGEMENE BESTUUR****INLEIDING**

Enige toepaslike kommentaar oor die vraag

**MAX 2****BESPREKING****DOEL / BELANGRIKHEID VAN BEPLANNING**

- Enige toepaslike kommentaar.

**MAX 4****BEGINSELS VAN BEPLANNING**

- Moet buigsaam en aanpasbaar wees. √√
- Moet altyd wetenskaplik wees en alle moontlike faktore en alternatiewe moet in ag geneem word.
- Die mees geskikte metode of tegniek moet vir die taak of probleem gekies word.
- Planne op die verskillende vlakke moet gekoördineer word in 'n hierargie van planne.
- Moet realisties wees. Met ander woorde ekonomies en uitvoerbaar.
- Daar moet 'n balans wees in beplanning op verskillende vlakke - veral beplanning van roetine aard.
- Alle informasie i.v.m. beplanning moet aan almal beskikbaar gestel word.
- Die tydsaspek van beplanning en implementering is belangrik.
- Beplanning is altyd toekomsgerig maar dit is belangrik dat die periode van vooraf-beplanning realisties moet wees.
- Moet eenvoudig en duidelik wees.
- Moet altyd op skrif wees.

**MAX 8****STAPPE IN DIE BEPLANNINGSFASE**

Nadat die bestuur alle verwagte informasie ontvang het moet beplanning op die volgende wyse plaasvind.

- Verkry absolute duidelikheid oor die probleem of taak - formuleer doelstellings. √√
- Verkry volledige inligting oor al die betrokke aktiwiteite - versamel inligting.
- Analiseer en ontleed alle inligting vir betroubare interpretasie - analiseer inligting.
- Maak duidelike veronderstellings oor moontlike gebeurtenisse.
- Verkry verskillende planne en alternatiewe.
- Kies die beste plan.
- Ontwikkel aksieplanne en bepaal die periode vir uitvoering.
- Volg voortdurend op om seker te maak dat alles volgens plan verloop.

**MAX 10**

**BEPLANNING OP VERKILLENDE VLAKKE****TOP-VLAK BESTUUR √**

- ~ Beplanning begin op die hoogste vlak – Topvlak bestuur. √√
- ~ Beplanning neem die hele onderneming as 'n geheel in ag.
- ~ bv.   ▶ Vasstelling van langtermyn doelwitte en beleide.  
         ▶ Die daarstelling van organisasiestrukture.  
         ▶ Verandering van beleid (wanneer nodig).

**MIDDEL – VLAK BESTUUR √**

- ~ Die beplanning om die nodige doelstellings te bereik vind hier plaas. √√
- ~ Byvoorbeeld - die aankoop van grondstowwe; beplanning van werkprogramme; roetine instruksies na laer vlakke.

**LAERVLAK BESTUUR √**

- ~ Die beplanning van daaglikse aktiwiteite. √√
- ~ In ooreenstemming met werkprogramme en instruksies.
- ~ Sodat alles vlot verloop.

**MAX 15****BEGROTING AS FORMELE BEPLANNING**

- 'n Begroting dien as 'n beleidsdokument waarvolgens 'n onderneming bestuur moet word. √√
- 'n Begroting is 'n skriftelike plan.
- 'n Begroting is 'n skatting van wat op die lang – en korttermyn benodig word.
- Voorbeelde van begrotings.

**MAX 4****BEPLANNING TOT VERHOUDING MET ANDER ELEMENTE VAN BESTUUR**

Beplanning kan nie op sy eie staan nie. Dit word verbind met ander elemente van bestuur bv.

**# Organisering √**

- Organisering stel strukture beskikbaar sodat die plan tot uitvoering kan kom. √√
- Sommige strukture is: die lyn- of funksionele organisasiestrukture.
- Enige ander toepaslike kommentaar insake die verhouding tussen beplanning en organisering.

**MAX 4**

**# Kommunikasie** ✓

- Sonder effektiewe kommunikasiekanale kan inligting nie oorgedra word vanaf die topvlak- na laervlakbestuur nie.
- Enige ander toepaslike kommentaar insake die verhouding tussen beplanning en kommunikasie.

**MAX 4****# ANDER ELEMENTE VAN BESTUUR**

- Volg dieselfde beginsel soos bo waar die ander elemente in verhouding met beplanning gebring word.

**ENIGE 4 ELEMENTE x 4 = MAX 16****SAMEVATTING**

Kandidate moet tot die slotsom kom dat alle bestuurselemente belangrik is.

**MAX 2**

<b>FEITLIK</b>	<b>40</b>
<b>INSIG</b>	<b>10</b>
<b>TOTAAL</b>	<b>50</b>

**INSIG****Struktuur / Uitleg:**

\* insluitend inleiding, bespreking en samevatting 2

**Ontleding en interpretasie**

\* vermoë van kandidaat om vraag op te breek en begrip te toon vir wat gevra is 4

**Sintesis:**

\* Bespreking van die verwantskap tussen beplanning en ander elemente 4

**INDELING VAN VRAAG**

Inleiding	max 2 punte	MAKSIMUM 30
Doel en Belangrikheid van beplanning	max 4 punte	
Beginsels van effektiewe beplanning	max 8 punte	
Stappe in beplanningsproses	max 10 punte	
Beplanning op verskillende vlakke: * topvlak * middelvlak * laervlak	max 15 punte	
Begroting as formele beplanning	max 4 punte	
Samevatting	max 2 punte	
Beplanning in verhouding tot ander elemente	max 16 punte	
<b>MAKSIMUM</b>		<b>40 PUNTE</b>

TOTAAL: AFDELING B [100]

## AFDELING C

### Riglyne vir merk

- Indien daar bv. VYF feite gevra word, merk dan die eerste VYF antwoorde van die kandidaat. Ignoreer die res van die feite.
- Indien twee korrekte feite in een sin genoem word, moet aan die kandidaat dienooreenkomstig die maksimum punte toegeken word.
- Indien kandidate hul eie voorbeelde of menings moet gee, "brainstorm" die alternatiewe antwoorde by die merksentrum.
- Alle besprekingsvrae soos "verduidelik, bespreek of omskryf" moet as volg gemerk word: OPSKRIFTE √√ en VERDUIDELIKING √
- By vrae waar kandidate gevra word om te "noem / lys of gee" hoef die antwoorde nie in volsinne te wees nie.



**VRAAG 6 ONDERNEMINGSVORME**

6.1

- 6.1.1 Horisontale √√ - beide in mynbou √√  
(aanvaar konglomeraat **AS** voorsien met korrekte redes  
bv. verskillende produkte) (4)
- 6.1.2 Dit verteenwoordig 'n onderskeid van mynbou – verskillende  
siklusse. √√  
(aanvaar ander antwoorde: SEB; diversifikasie; enige geskikte rede vir  
samesmelting wat relevant tot gevallestudie is) (2)
- 6.1.3 Hy het te veel daarop gekonsentreer om Mondi op te bou. √√√  
**OF**  
Vertraging in besluitneming. √√ √ (3)
- 6.1.4 JSE √√ of JSE Bpk (2)
- 6.1.5 Dit sal makliker wees vir mense om aandele te bekom as Mondi genoteer is op JSE.  
√√  
(aanvaar ander voordele van JSE) (2)

6.1.6 **DRIE VOORDELE VAN SAMESMELTING**

- **Om 'n monopolie te bewerkstellig** √√ - twee sterk maatskappye in dieselfde bedryfstak kan so mededinging uitskakel. √
- **Risiko kan verlaag** – verskillende regspersone smelt saam – sodoende word die risiko versprei / minder kwesbaar
- **Meer effektief** – verseker optimum gebruik van aankoop- en verkoops personeel. Skakel duplisering van aktiwiteite uit.
- **Verseker van die voorsiening van voorraad** – produsent is verseker dat sy grondstowwe genoeg sal wees. Veral skaars bronne.
- **Mededinging**- elimineer onnodige kompetisie.
- **Verbeter mededinging** – probeer om onnodige kompetisie uit te skakel en gapings te vul in die produkreeks.
- **Finansiële redes** – goedkoper as om te leen; makliker toegang tot lenings; groter ondernemings verkry kapitaal makliker; belastingvoordele;
- **Meer kennis**- beide deel kennis, metodes en tegnieke.
- **Onmiddellike effek** – uitgebreide markte; vinniger en minder riskant as interne uitbreiding.
- **Bestuursredes** – verseker beter bestuursvaardighede; verseker sleutel uitvoerende lede.

**OPSKRIF = 2**  
**VERDUIDELIK = 1**

**ENIGE 3 x 3 (9)**

**6.2 VIER NADELE VAN 'N EENMANSAAK**

- Die eienaar het onbeperkte aanspreeklikheid vir die skuld. √√
- Die onderneming het beperkte kontinuïteit.
- Probleme om lenings te verkry agv die beperkte bates.
- Moeilik om werknemers van gehalte aan te stel – beperkte bevorderingsgeleenthede.
- Salarisse betaalbaar is gewoonlik laer as die van groter ondernemings.
- Eienaar moet al die bestuursfunksies behartig sonder enige ondervinding.
- Sterk mededinging.
- Beperkte kapitaal – wat die eienaar kan bydra of leen.
- Pryse is gewoonlik meer as die van ander ondernemingsvorme.
- Eienaar is eigste persoon met direkte belangstelling in onderneming - besluite berus dus op sy gevolgtrekking.

**ENIGE 4 x 2 (8)****6.3 VYF VERSKILLE TUSSEN PRIVATE – EN PUBLIEKE MAATSKAPPYE**

Antwoorde moet met dieselfde eienskap vergelyk word. Indien dit nie ooreenstem nie sal slegs die linkerkant se antwoord gemerk word.  
Indien die antwoord nie in tabelvorm gegee word nie, sal dieselfde beginsel toegepas word.

EIENSKAPPE	PRIVATE MPY	PUBLIEKE MPY
Minimum aantal lede	1 aandeelhouer √√	7 aandeelhouders √√
Maksimum aantal lede	50 aandeelhouders	Onbeperkte getal / aantal aandele uitgereik.
Bestuur	Ten minste 1 direkteur	Ten minste 2 direkteure
Regsformaliteite	Geen prospektus	Moet prospektus uitreik
Naam van onderneming	Eindig met (EDMS) BPK	Eindig met BEPERK
Verkryging van kapitaal	Verkoop aandele aan lede of promotors	Verkoop aandele aan publiek
Oordraagbaarheid van eienaarskap	Met toestemming van ander aandeelhouders/ beperkte verhandeling.	Aandele is vrylik oordraagbaar
Finansiële State	Hoef nie gepubliseer te word nie	Moet gepubliseer word.
Dokumente om te begin	Sertifikaat van inlywing	Sertifikaat om met sake te begin.
JSE verhandeling	Kan nie	Mag gelys word

Aanvaar enige ander aanvaarbare verskille

**ENIGE 5 x 4 (20)**

VRAAG	PUNTE
6.1	22
6.2	8
6.3	20
<b>TOTAAL</b>	<b>50</b>

**VRAAG 7 BEMARKINGSFUNKSIE**

7.1

7.1.1 Die eienaar van 'n gevestigde onderneming / idee ✓ verkoop die reg om handel te dryf, ✓ binne bepaalde voorwaardes / ooreenkoms. ✓  
Bv. Kentucky Fried Chicken, Nando's of enige ander aanvaarbare voorbeeld. ✓  
**( Die finale lys sal by die merksentrum gedoen word). (4)**

7.1.2 Nee ✓✓

Die konsessie ooreenkoms laat jou net toe om 'n sekere reeks produkte te verkoop. ✓✓

**OF**

Ja

As die konsessie ooreenkoms jou toelaat om ander reeks produkte te verkoop.  
**(4)**

**Die antwoord JA of NEE sonder motivering = 0 punte**

7.1.3 **TWEE VOORDELE VAN KONSESSIES (FRANCHISING)**

- Entrepreneur en bestuurshulp word deur die konsessiegewer aan die konsessiehouer gegee. ✓✓
- Die konsessiegewer bemark 'n gevestigde produk of diens.
- Hulp word aan die konsessiehouer verskaf om aan die standaard van die konsessie te voldoen.
- Die konsessiehouer besit die onderneming en word gesteun deur die voltydse adviseurs van die konsessiegewer.
- Persoonlike eienaarskap is in die konsessie ooreenkoms ingeskryf.
- 'n Wêreldwye handelsnaam – eienaar kry dus onmiddellike erkenning.
- Finansiële raad en ondersteuning is beskikbaar.
- Direkte finansiering word dikwels voorsien.

**ENIGE 2 x 2 (4)**7.1.4 **DRIE TIPES VERBRUIKSGOEDERE**

# Geriefsgoedere ✓✓

Word sonder inspanning en huiwering gekoop – bereid om substitute te aanvaar. ✓

Bv. "Starter packs", selfoonsakkies, lugtyd of enige ander geskikte voorbeeld. ✓  
**( Die finale lys sal by die merksentrum gedoen word).**

# **Uitsoekgoedere**

Goedere wat gekoop word na baie aandag gegee is aan prys, styl en kwaliteit.

Bv. selfone (laer deel van reeks), handvryetoestelle of enige ander geskikte voorbeeld.

# **Spesialiteitsgoedere**

Die aankope gaan gepaard met deeglike sorg en tyd – dring aan op spesifieke handelsmerk.

Bv. selfone (topdeel van reeks), eksklusiewe bybehore, spesiale model selfoon of enige geskikte voorbeeld.

**DUURSAME , SEMI- DUURSAME EN NIE-DUURSAME  
VERBRUIKERSGOEDERE = MAKS. 8 PUNTE**

OPSKRIF = 2  
VERDUIDELIK / BESPREKING = 1  
VOORBEELD = 1  
3 x 4 (12)

## 7.2

## 7.2.1

om produk te **beskerm** √√  
om produk te **bevorder** / of **verkope** te verhoog  
om in regte **bruikbare hoeveelheid** te verpak. **ENIGE 2x 2 (4)**

Bv. **Beskerming** – Romany Cream beskuitjies is in 'n boks om skade te voorkom. √√ **ENIGE 1 x 2 (2)**

Bv. **Bevordering** – Romany Cream boks met 'n resep op dit. √√

Bv. **Bruikbare hoeveelheid** - Romany Creams in 200 g pakkies. √√

**Aanvaar alternatiewe voorbeelde wat van toepassing mag wees op die illustrasies. As ander geïllustreerde produkte gekies word, moet dit toepaslik wees.**

## 7.2.2

Kaleidoskopiese √√ **(2)**

Bv. **Cal-C-Vita** √ - sit sokker ikone in boks vir die duur van die wêreldbeker. √√ **(3)**

**Aanvaar alternatiewe voorbeelde – as 'n ander geïllustreerde produk gekies word, moet dit toepaslik wees. Dit moet die betekenis van kaleidoskopiese verpakking uitbeeld.**

### 7.2.3 TWEE VEREISTES VAN VERPAKKING

- Moet die aandag trek van die verbruiker. √√
- Moet by die produk pas.
- Moet vir die teikenmark ontwerp wees.
- Moet produkte onderskei van die van mededingers.
- Moet die beeld van die onderneming bevorder.
- Moet goed ontwerp, sterk, gerieflik en maklik hanteerbaar wees.
- Moet ideaal vir uitstalling wees.
- Moet aan vereistes van handelaars voldoen.
- Moet ook aan keuse en vereistes van kleinhandelaars voldoen.

ENIGE 2 x 2 (4)

### 7.2 DRIE FAKTORE WAT PRYSBEPALING BEÏNVLOED

#### MOENIE MARKVORME MERK NIE

##### # Aard van die vraag √√

Die elasticiteit en onelastisiteit van vraag beïnvloed pryse. √

##### # Besikbaarheid van substitute

Hoe meer plaasvervangende produkte beskikbaar, hoe groter invloed op prys.

##### # Normale handelspraktyke

Dit is normale praktyk om om vir sekere transaksies korting te gee. (bring in berekening)

##### # Vasgestelde pryse van produkte

Die pryse van sekere produkte is vas en moet daarteen verkoop word.

##### # Verbruiker se optrede

Verbruiker het beperkte fondse tot hul beskikking – as pryse te hoog sal hulle nie koop.

##### # Die reaksie van die handelaar

As vervaardigers van handelaars gebruik maak om sy produkte te bemark, moet hy rekening hou van die handelaar se reaksie.

Hoë pryse sal die handelaar ontmoedig om produkte te verkoop.

**# Produksie- en verspreidingskoste**

Die vervaardiger moet seker maak dat die prys die koste van produksie en verspreiding dek. Dit moenie onder die kosprys wees nie.

**# Bemarkingstrategie**

Die onderneming mag 'n openingsprys hê wat laer as die kosprys is, maar wat sal verhoog sodra die klant 'n voorkeur vir die produk ontwikkel het.

**# Behoeftbevreeding**

Die verbruiker is bereid om 'n sekere prys te betaal vir die produk wat sy behoefte bevredig – maksimumbevrediging teen laagste pryse  
Is bereid om net 'n sekere prys te betaal vir die produk en sy waarde.

**# Mededinging**

As mededingers se pryse laer is vir dieselfde produk sal verbruikers verkies om daar te koop.

**# Enige ander toepaslike faktor wat die prys van 'n produk kan beïnvloed.**

OPSKRIF = 2  
VERDUIDELIK = 1

ENIGE 3 x 3 (9)

VRAAG	PUNTE
7.1	24
7.2	17
7.3	9
TOTAAL	50

**VRAAG 8 FINANSIËLE FUNKSIE**

8.1

8.1.1 Skadeloosstelling √√ (2)

8.1.2 Bybetaling √√ (2)

8.1.3 Subrogasie √√ (2)

8.1.4 Awery klousule √√ (Gem. Klousule) (2)

8.1.5  $\frac{120\,000}{150\,000} \times \frac{100\,000}{1} = R\,80\,000$  √√ OF  $R\,80\,000$  √√√√  
**AANVAAR R 79 000 (R80 000 - R 1000 bybetaling)** (4)

**As die antwoord verkeerd is, moet bewerkingspunte soos hierbo aangetoon, toegeken word.**

8.1.6  $\frac{150\,000}{1} \times \frac{15}{100} \times \frac{3}{12} = R\,5\,625$  √

$150\,000 - 5\,625 = R\,144\,375$  √ OR  $R\,144\,375$  √√√√ (4)

**As die antwoord verkeerd is, moet bewerkingspunte soos hierbo aangetoon, toegeken word.**

8.1.7 Aanvaar of verwerp die aanbod √

**Motivering – laat toe vir oorspronklikheid onder die volgende opskrifte**

Boekwaarde (vergelyking); koste van skade; ouderdom van voertuig;  
 versekeringskontrak; awery klousule; skikkingsbedrag. √√√

Aanvaar of verwerp = 0 punte

OPSKRIF = 1  
 VERDUIDELIK / VOORBEELD = 3 (4)

8.1.8 **DRIE NADELE VAN VOORRAADVORMING VIR FRUIT AND VEG**

- Risiko met brand, diefstal ens. √√
- Probleem van veroudering van vrugte en groente
- Prysskommelings wat die prys laer maak as die aankoopprys.
- Belegging in voorraad vereis groot bedrae bedryfskapitaal.
- Enige ander korrekte feit.

**ENIGE 3 x 2 (6)**

**8.1.9 DRIE FAKTORE WAT DIE BEDRYFSKAPITAAL BEHOEFTE VAN FRUIT AND VEG CITY BEPAAL****# Aard van die onderneming √√**

'n Myn het 'n groter behoefte as die van Fruit and Veg City, want daar is meer werkers wat lone moet kry. √

**# Grootte van die onderneming**

Hoe groter die onderneming, hoe groter is die behoefte.

**# Ontwikkelingstadium**

'n Onderneming wat nog besig is om uit te brei, het meer kapitaal nodig.

**# Produksietydperk**

As die eindproduk lank neem om te voltooi, bv graanboerdery, word meer kapitaal benodig.

**# Omsetsnelheid van voorraad**

Hoe vinniger voorraad in kontant omgesit word, hoe minder bedryfskapitaal word benodig en vice versa.

**# Aankoop- en verkoopvoorwaardes**

As die Fruit and Veg City voorraad op krediet aankoop en dit vir kontant verkoop, word minder bedryfskapitaal benodig en vice versa.

**# Seisoensverbruik**

As Fruit and Veg City seisoensgebonde produkte verkoop, sal dit meer bedryfskapitaal benodig gedurende spesifieke seisoene.

**# Seisoensproduksie**

Fruit and Veg City sal koelkamers benodig om seisonale produkte te berg – verhoog behoefte aan bedryfskapitaal.

**OPSKRIF = 2  
BESPREKING = 1**

**ENIGE 3 x 3 (9)**



**8.2 DRIE REDES VIR KONTANTAANHOUDING****# Transaksiemotief** √√

Besikbaarheid van kontant om bedryfsuitgawes te betaal. √

**# Voorsorgmotief**

Voorsiening word gemaak vir onvoorsiene uitgawes.

**# Spekulasiemotief**

Om wins te maak uit ander aktiwiteite as die normale aktiwiteite van die onderneming.

OPSKRIF = 2  
VERDUIDELIK = 1

Dit hoef nie in opskrifvorm te wees nie.

MAX 3 x 3 (9)

**8.3 OORKAPITALISASIE****Definisie:**

Wanneer die totale kapitaal √ meer is as wat nodig is vir die normale aktiwiteite / verkope van die onderneming. √

**Mening en motivering:**

Ja √ Bv. Kan kapitaal gebruik vir enige spekulatiewe geleentede wat kan opduik. √√√

**Aanvaar ook verhouding tussen kapitaal en wins**

OF

Nee √ Bv. Kapitaal word nie produktief gebruik nie/  
Opbreg op kapitaal is laag / Waarde van aandele daal√√√**JA of NEE SONDER MOTIVERING = 0 PUNTE**DEFINISIE = 2  
MENING = 1  
MOTIVERING = 3 (6)

VRAAG	PUNTE
8.1	35
8.2	9
8.3	6
<b>TOTAAL</b>	<b>50</b>

**VRAAG 9 ONDERNEMING EN SY OMGEWING**

9.1

9.1.1 **'N MANIERE OM TOEGANG TOT JSE TE VERKRY**

- Dmv banke √√√√, makelaars, finansiële instellings, direkte kontak of enige ander toepaslike manier. (ook elektronies)

1 x 4= (4)

9.1.2 **VIER DIENSTE VAN DIE SEKURITEITEBEURS**# **Dien as skakel** √√

Skakel tussen belegger en bedryfsleier – beurs verskaf mark vir verhandelbare effekte. √

# **Moedig klein belegger aan**

Om aandele te koop en so deel te hê aan ekonomie van SA.

# **Bied geleentheid aan**

finansiële instellings soos versekeringsmaatskappye om hul fondse in aandele te belê – fondse kan maklik in kontantonskep word.

# **Beskerm beleggers**

Maatskappye moet aan streng vereistes voldoen voordat dit genoteer word.

# **Aandele na waarde geskat**

Die pryse van aandele word bepaal nav reaksie tussen vraag en aanbod.

# **Aandeelpryse word daagliks gepubliseer**

Hou beleggers en voornemende beleggers op hoogte – help met besluitneming.

**# Sensitiewe barometer**

Van ekonomiese toestande – dien as riglyn vir bestuur tydens besluitneming.

**# Bevorder stabiliteit en groei**

Deur die voorsiening van 'n mark vir verhandelbare sekuriteite.

**Enige ander aanvaarbare feite.**

OPSKRIF = 2  
VERDUIDELIK = 1

ENIGE 4 x 3 (12)

**9.2 VIER METODEDES VAN SARB OM KREDIET TE BEHEER****# Verhoging / verlaging van rentekoerse  $\sqrt{\sqrt{\quad}}$** 

Die SARB verhoog die koers vir die verrekening van eise tussen banke as daar uitermate hoë spandering is en vice versa.  $\sqrt{\quad}$

**# Opemarktransaksies**

SARB verkoop staatseffekte op opemark wanneer uitermate spandering en hoë pryse voorkom – dit verminder die geld in omloop en ontmoedig oorspandering en vice versa.

**# Verhoging of verlaging van kontantreserwes**

Deur die verpligte kontantreserwes van banke by die SARB te verhoog, word banke verplig om krediet in te kort.

**# Direkte optrede**

As 'n bank nie reageer op die voordorgmaatreëls van die SARB nie, kan die SARB weier om eise van die bank te verreken.

**# Stabilisering van wisselkoers**

Die SARB het 'n fonds om dit te doen. SA geld word oorsee verkoop as wisselkoers ongunstig is. SA geld word ook oorsee gekoop.

**Enige ander aanvaarbare feite**

OPSKRIF = 2  
VERDUIDELIK = 1

ENIGE 4 x 3 (12)

**9.3 VIER DIENSTE VAN SAKEKAMERS**

- Bevorder handel in dorp of stad. ✓✓
- Tree as arbiter op in geskille tussen lede.
- Onbillike mededinging uit te skakel.
- Bestudeer nuwe wette en regulasies en bring onder aandag van lede.
- Argiteer vir munisipale regulasies en wetgewing wat in handelaar se voordeel is.
- Om eenvormigheid te verkry vir winkellure, lone en pryse.
- Om swartlys van slegte betalers op te stel.

**Enige ander aanvaarbare feite****ENIGE 4 x 2 (8)****9.4****9.4.1 VYF DIENSTE VAN DIE SABS**

- Om standaardisasie in nywerheid en handel te bevorder. ✓✓
- Stel spesifikasies en gebruikskodes op.
- Stel fasiliteite beskikbaar vir toets van produkte.
- Beheer die gebruik van standaard- en onderskeidingsmerke.
- Onderneem voorligtingswerk ivm standaardisasie
- Bewerkstellig standaardisasie in produkte.
- Bevorder nasionale bewustheid van kwaliteit.
- Bepaal die standarde van ingevoerde goedere
- Skakel nou met die buiteland oor spesifikasies wat daar gebruik word.

**Enige ander aanvaarbare feite****ENIGE 5 x 2 (10)****9.4.2 VOORDEEL AAN DIE SUID-AFRIKAANSE VERBRUIKER**

- Bv. Beskerm verbruiker / goedere ✓✓ versterk die “trots SA veldtog”; kwaliteit produkte; of enige ander toepaslike antwoord oor die voordele van die SABS teken.

**ENIGE 2 x 2 (4)**

VRAAG	PUNTE
9.1	16
9.2	12
9.3	8
9.4	14
<b>TOTAAL</b>	<b>50</b>

**VRAAG 10          PRODUKSIEFUNKSIE**

10.1

$$\begin{aligned}
 10.1.1 \quad \text{Primêre koste} &= \text{Direkte grondstowwe} \quad + \text{Direkte arbeid} \quad \checkmark \\
 &= (R200\,000 + R140\,000 - R130\,000) \checkmark + (4 \times R1\,000) \checkmark \\
 &= R210\,000 + R4\,000 \checkmark \\
 &= R214\,000 \checkmark
 \end{aligned}$$

**OF**

$$R214\,000 \checkmark\checkmark\checkmark\checkmark \quad (5)$$

**As die antwoord verkeerd is, ken punte toe soos hierbo aangedui vir begrip van die konsep.**

$$\begin{array}{r}
 10.1.2 \quad \text{Huur} = R\,72\,000 / 12 \quad R\,6\,000 \checkmark\checkmark \\
 \text{Waardevermindering} \quad R\,1\,550 \checkmark \\
 \text{Salarisse} \quad \underline{R\,9\,000} \checkmark \\
 \quad \quad \quad \underline{R16\,550} \checkmark\checkmark
 \end{array}$$

**OF**

$$R16\,550 \checkmark\checkmark\checkmark\checkmark\checkmark \quad (6)$$

**As die antwoord verkeerd is, ken punte toe soos hierbo aangedui vir begrip van die konsep.**

$$10.1.3 \quad R\,1\,950 \checkmark \text{ minus } 10\% \checkmark = R\,1\,755 \checkmark$$

**OF**

$$R1\,755 \quad (3)$$

**As die antwoord verkeerd is, ken punte toe soos hierbo aangedui vir begrip van die konsep.**

$$10.1.4 \quad R\,214\,000 (\checkmark) + R\,16\,550 (\checkmark) + R\,1\,950 \checkmark = R\,232\,500$$

$$R\,232\,500 / 150 \checkmark = R\,1\,550 \checkmark(\checkmark)$$

**OF**

$$R1\,550 \checkmark\checkmark\checkmark\checkmark\checkmark \quad (6)$$

**As die antwoord verkeerd is, ken punte toe soos hierbo aangedui vir begrip van die konsep.**

10.2

10.2.1 Massaproduksie ✓✓  
**OF**  
Reeksproduksie**Stukproduksie = 0 marks****(2)**10.2.2 **VIER VOORDELE / KENMERKE VAN MASSAPRODUKSIE**

- Laer produksiekoste per eenheid. ✓✓
- Voorraadhouding koste per eenheid is laag.
- Groter mate van spesialisasie kan bereik word.
- Arbeidsverdeling – groter behendigheid in die hantering van masjiene.
- Werkers en masjiene word optimaal gebruik.
- Hantering van voorraad word beperk.
- Produksiebeheerproses word vereenvoudig.
- Omset is hoog.
- Toerusting is gestandaardiseer – vinniger produksie.

**OF****VIER VOORDELE / KENMERKE VAN REEKSPRODUKSIE**

- Buigsame vorm van produksie. ✓✓
- Minder gespesialiseerde masjiene word gebruik.
- Foutiewe masjiene sal nie 'n groot invloed op proses hê nie.
- Min kapitaal nodig vir eindprodukte.
- Nie-roetine aard van bestellings = werkerstevredenheid.
- Kan vraagskommeling hanteer.

**ENIGE 4 x 2 (8)**

**10.2.3 VYF FAKTORE WAT KWALITEITBEHEER BEÏNVLOED**

- 'n Inligtingstelsel moet bygehou word waar afwykings aangetoon word. ✓✓
- Werkers en inspekteurs moet vertrouwd wees met stelsel.
- Toleransiegrens moet vasgestel word.
- Betroubare en effektiewe inspeksiemetodes moet vasgestel word.
- Die aantal inspeksiepunte moet vasgestel word.
- Die aantal inspeksies per inspeksiepunt moet vasgestel word.
- Evalueringskriteria moet gevind word.

**ENIGE 5 x 2 (10)****10.3 VYF MAATREËLS OM ONGELUKKE TE VOORKOM**

- Spesiale opleiding aan werkers oor onveilige optrede. ✓✓
- Verskaf en bevorder die dra van beskermende klere.
- Stel veiligheidsvoorskrifte op.
- Neem maatreëls om netheid, sindelikheid ens aan te moedig.
- Toerusting moet op vasgestelde plekke gehou word.
- Voorsien geskikte fasiliteite vir werkers.
- Tref brandvoorkomingsmaatreëls (**maks. 2x2**)
- Voorsiening vir noodtoestande.

**ENIGE 5 x 2 (10)**

VRAAG	PUNTE
10.1	20
10.2	20
10.3	10
<b>TOTAAL</b>	<b>50</b>

**Vraag 11 ALLERLEI****11.1 VYF BESONDERHEDE: AKTE VAN OPRIGTING - NAAMKLOUSULE**

- Naam moet geregistreer wees. √√
- Privaat Mpy = (Edms) Bpk **of** Publieke Mpy = Bpk
- Kan nie dieselfde wees as ander maatskappy.
- Kan vertaal en afgekort word.
- Moet op al die dokumente getoon word.
- Moet op opsigtelike plek buite kantore vertoon word.
- Mag nie onwenslik wees nie.
- Mag nie woorde soos “regering / bank” gebruik nie.
- Mag verander met spesiale resoluksie as meerderheid van aandeelhouers ten gunste is.

**ENIGE 5 x 2 (10)****11.2 VYF REDES VIR ONTBINDING VAN VENNOOTSKAP**

- Wanneer vennote daartoe besluit. √√
- Wanneer 'n nuwe vennoot toegelaat word.
- As een van die vennote sterf of aftree.
- Deur 'n hofbevel.
- Die voltooiing van doel waarvoor hul gestig is.
- As een van die vennote insolvent word.
- Met die uitbreek van oorlog.
- Wanneer daar meer as 20 vennote is.

**ENIGE 5 x 2 (10)****11.2 VYF VOORDELE VAN VERSEKERING****MOENIE SEDERING MERK NIE.**

- Produksiewerksaamhede is aan gevare blootgestel – duisende rande se skade. √√
- Sekuriteit aan werknemers: werkloosheid, ongelukke, pensioen, beserings.
- Sekuriteit aan werkgewers: onverantwoordelike optrede van werkers agv van oneerlikheid en diefstal.
- Sekuriteit aan sakemanne teen enige moontlike verlies wat hulle mag lei.
- Skuldeisers gevrywaar agv beskadiging van eiendom of afsterwe van skuldenaar.
- Skuldenaars kan lenings bekom as hulle dit benodig.
- Voorsiening kan gemaak word vir inkomste na aftrede.
- Kan vir mediese uitgawes voorsiening gemaak word.
- Verpligte vorm van spaar
- Die sakeman kan meer tyd aan die onderneming bestee.

**ENIGE 5 x 2 (10)**



**11.4 VYF VOORDELE VAN REKLAME**

- Vervaardigers kry die voordele van massaproduksie. √√
- Dit verhoog die lewensstandaard van die verbruiker.
- Ononderbroke produksie word verseker.
- Verkoopslui se taak word vergemaklik.
- Werwing van geskikte personeel word vergemaklik.
- Klante word beskerm teen minderwaardige produkte.
- Dit dwing die adverteerder om aan die beeld wat hy geskep het te voldoen.

**ENIGE 5 x 2 (10)****11.5 VYF NADELE VAN DIE LYN- EN STAF ORGANISASIESTRUKTUUR**

- Adviseurs is ongelukkig – geen sê. √√
- Adviseurs oorskry hul magte – konflik.
- Adviseurs is te teoreties ipv prakties.
- Adviseursdienste raak te duur.
- In groot ondernemings word dit baie gekompliseerd.
- Bestuur se inisiatief word gedemp – te afhanklik.

**ENIGE 5 x 2 (10)****11.6 VYF METODES VAN BEHEER**

- Inspeksies op strategiese punte dmv waarneming en toetsing. √√
- Gereelde oudit van finansiële state, werkstate ens.
- Begrotings om uitgawes binne perke te hou.
- Bepaling van standaarde en perke.
- Handleidings wat staande bevele, reëls en opdragte bevat.
- Vermaan en berispe nalatige werkers.
- Tugstappe teen nalatige werkers.

**ENIGE 5 x 2 (10)**

**11.7 VYF NADELE VAN SENTRALISASIE**

- Buitensporige sentralisasie kan onbeheerd word.
- Wydverspreide aktiwiteite word moeilik gesentraliseer.
- Tegniese aard van werk nie geskik vir sentralisering.
- Vertroulikheid van inligting word in gevaar gestel.
- Groot sametrekking van werkers lei tot onpersoonlike verhoudings.

**ENIGE 5 x 2 (10)****ENIGE VYF**

VRAAG	PUNTE
11.1	10
11.2	10
11.3	10
11.4	10
11.5	10
11.6	10
11.7	10
TOTAAL	50

**TOTAAL: AFDELING C [200]****GROOTTOTAAL: [400]**